

Dinsdag 15 September

Skrifgedeelte: Ester 2:9-14

Fokusgedeelte: Ester 2:9-14

God se voorsienigheid vir sy volk te midde van groot gevaar (3)

Hegai, die bewaker van die koning se vrou, hou dadelik van Ester. Sy kry goeie behandeling vir 'n jaar en daarna moes die meisie na die koning toe gaan vir 'n nag, en op grond daarvan sal sy gekies word.

Een van vier dinge kon dan gebeur: die koning is ontevrede en die meisie is dan by die res van die byvrouens geplaas, sy mag nooit met iemand anders trou nie. Dit kon gebeur dat die koning van haar hou, en dan is sy 'n byvrou met 'n bietjie hoër status, of as hy baie van haar gehou het, het sy een van die koning se vrouens geword. As die koning egter baie beïndruk was, het sy koningin geword. Wat is die kans dan dat 'n Joodse weeskind wat deur haar oom grootgemaak is, koningin sou word?

Seker nie veel nie. Hiermee saam het ons 'n klomp morele probleme. En tog, God is stil-stil aan die werk. Die volk Israel se voortbestaan is op die spel en daarmee saam God se belofte van 'n Verlosser wat uit die volk gebore sal word.

Soms verlos die Here met tien plae en met 'n wolk- en vuurkolom. Soms verlos God deur 'n see oop te skeur, maar hier is God steeds besig om te verlos. Sy stilswye beteken nie afwesigheid of verlating nie. God werk. Sy beloftes staan vas, selfs al lyk dit vir ons asof Hy nêrens te sien is nie.

Kyk terug op jou lewe, hoeveel “toevallighede” is daar, maar as mens terugkyk, sien ons die Here se werke soos 'n goue draad. Iemand wat “toevallig” gebel het, of iets wat “toevallig” gebeur het? Die Here regeer.

Sy beloftes is legio! Hy belowe onder andere dat niks en niemand jou van sy liefde sal kan skei nie (Rom. 8). So staan al sy ander beloftes ook vas. Daarvan kan jy verseker wees, selfs al voel of lyk dit nie nou op die oomblik vir jou so nie!

Sing: Skrifberyming 1-6:1, 2, 3

Ds. DG Zwemstra (Dinant) (Strand)